Tema: Wees trou aan My soos Ek trou teenoor julle is.

INTREELIED: Sb 20-1: 1,3,6 (Mel Ps. 134)

VOTUM

SEEN

SING: PS. 103 - 1: 1 EN 3

GEBED

SKRIFLESING: RIGTERS 2: 6 – 3:6
Teksverse 2: 11 - 17

PREEK

GEBED

LIEFDEGAWES

SING: Ps. 103: 7, 9 en 11

SEEN

AMENLIED SB 13 - 3

Geliefde brs. en srs en kinders

Die meeste mense, selfs ongelowiges, sou hulleself kon identifiseer met die aspekte van die vrug van die Gees waaroor ons tot dusver in ons reeks gepraat het! Die mensdom sal saamstem oor liefde, vreugde en vrede! Mense skryf boeke en liedjies en besing hierdie waardes in die lewe. Dit mooi en wonderlike waardes om na te streef. Selfs oor dinge soos geduld, vriendelikheid en goedhartigheid sal die mensdom saampraat en mekaar aanmoedig om hierdie waardes aan te hang!

Maar oor iets soos getrouheid word daar nie veel gepraat nie! Jy moet vandag net getrou aan jouself wees! Wees net jouself, moenie bekommerd wees oor enige God of ander mense aan wie jy getrou hoef te wees nie! Selfs getrouheid in die huwelik word afgemaak as – solank jy gelukkig is!

Ja, broeders en suster, dit is die tragiese werklikheid van die mensdom – dat ons na ons diepste wese nie getrou of betroubaar is nie. Rom. 3: 12 skets ook vir ons hierdie hartseer situasie as die skrywer daar sê: “Almal het afgedwaal, almal het ontaard, daar is nie een wat goed doen nie, selfs nie een nie”. Dit is hierdie werklikheid van die mens in sy sondige natuur wat ons ook leer ken in die boek Rigters. Dit is die verhaal van die volk van God, die kerk van die Here wat telkens maar weer ontrou aan die Here word, teen Hom sondig en as gevolg daarvan in die grootste ellendes beland.

In hf. 1 en 2 openbaar die Here hoe moeilike omstandighede dikwels aan ons eie ontrouheid toe te skryf is. In ons eie lewe, br. en sr., ervaar ons die EKG grafiek van die ontrouheid in ons eie lewens. Dat ek val en opstaan, val en opstaan in worstel om getrou aan die Here te bly.

Maar, geliefdes, teenoor ons ontrou, teken die boek Rigters vir ons die troue liefde van ons Hemelse Vader. Niemand is so getrou soos God nie. Rigters vertel ons hoe Hy getrou bly en elke keer sy volk lei tot berou, sodat hulle na Hom terugkeer en Hy vir hulle ‘n rigter gee om hulle te red en te leer om weer aan Hom getrou te wees.

Maar ons leer hier ook hoe God getrou bly aan die belofte van sy straf op die ontrou van die mens en ons daarin juis sy grootste genade betoon. Hoe Hy ons ontrou aan Christus gestraf het sodat daar vir ons genade kan wees – elke keer – net soos vir Israel. Daarom roep die Here vanaand tot ons en sê: wees trou aan My soos Ek trou teenoor julle is.

Ons kinders sal ook die boodskap verstaan as ‘n mens God se optrede met ons vergelyk met die optrede van liefdevolle ouers teenoor hulle kinders. Julle ouens weet mos hoedat julle sommer baie keer stout en ongehoorsaam is en as pa en ma met julle raas en julle sê julle is jammer – dan vergewe pa en ma jou elke keer – al doen jy dieselfde ding oor en oor. Maar pa en ma sal ook - as jy nie luister nie – jou straf. Jy kan dalk gehok word, of pak slae kry – want julle sien – ‘n mens dra altyd die gevolge van die verkeerde dinge wat ‘n mens doen. Maar, weet julle, daardie straf wat jy kry – leer jou om volgende keer beter te doen.
So werk die Here ook met ons, liewe kinders – net baie meer getrou en baie meer liefdevol as wat ons eie ouers dit kan doen.

Br. en sr. God se liefde vir ons is ongelooflik groot. Dat Hy soveel geduld met die volk Israel openbaar. Hierdie gebeure wat in die boek Rigters opgeteken word oorspan ‘n tydperk van amper 200 jaar en tog het God elke keer sy volk na Hom toe teruggelei ten spyte daarvan dat die situasie versleg het.

Kyk net hoe werk God se liefde:
Die volk was ongehoorsaam aan die opdrag van die Here om nie al die volke uit die land te verdryf nie – met die gevolg dat hulle die afgodediens en gewoontes van hierdie volke oorgeneem het en so aan die Here ontrou geword het.

Die Here gebruik dan hierdie selfde volke om hulle mee te straf vir hulle ontrou. ‘n Mens kan jou dit so voorstel: die Israeliete met die lede van ander volke bevriend geraak het, by hulle gaan kuier, saam met hulle na hulle kerke toe gegaan en oor en weer op mekaar verlief geraak en getrou. En so mettertyd het die gevorder van kuiers, tot troues, tot wegloop van die Here na die afgode toe. Eers in die sitkamer, dan in die slaapkamer en dan in jou hart. En later word die nuutgevonde vriend jou god.

So werk die duiwel ook vandag met ons. Daardie dinge wat ons kan verlei tot ontrou aan God word eers op ‘n afstand gehou, later begin ons daaroor praat en dink, later bevriend ons onsself daarmee, nooi dit in ons huis, begin ons hart daarop plaas en voor jy jou kon kry dan is God weg uit jou lewe. Nie omdat God van ons af weggegaan het nie, maar omdat ek Hom nie meer erken nie. My hele lewe draai nou om hierdie nuutgevonde god in my lewe.

Br. en sr. wanneer ons eerlik ons eie lewe ondersoek, dan moet ons erken dat ons goed weet wat hierdie afgode in elkeen van ons se lewe is. Daardie selfgerigte behoeftes wat ek wil bevredig en daarom word Mammon aanbid. My hele lewe en tyd word gewy om geld te maak. Skielik ontwikkel ek ’n probleem met my huweliksmaat en sy of hy voldoen nie meer aan my behoeftes nie – dan gaan soek ek dit elders!

Ek maak my lewe so vol van wêreldse dinge dat daar nie meer tyd vir God is nie! Ons is tog so besig – daar is nie tyd vir die Here nie – Hy moet altyd laaste in die ry staan!

Of algaande begin ek God se antwoorde in die Bybel bevraagteken en dit beantwoord nie meer al my lewensvrae en twyfel nie! So begin ek soek na ander antwoorde wat dalk minder van my sal vra. En so loop ons dieselfde pad as Israel.

Maar net soos in Israel se geval – br. en sr. - dra ons swaar aan die gevolge van ons keuses in die lewe. As jy Mammon gekies het – eis dit sy tol in jou lewe – jy sal vir niks en niemand meer tyd hê as om net te werk en so te leef dat jy meer en meer moet hê nie. En dit maak jou diep ongelukkig. Huweliksontrou sal jou hele lewe beïnvloed en jy sal die hartseer gevolge daarvan in jou gesin dra. Of jou eie antwoorde sal jou net dieper laat vasdraai in die vrae van die lewe – want God alleen gee die ware antwoorde.

Want sien – God gebruik dan hierdie dinge waaraan ons ons hart gegee het om ons te tugtig. Sy liefde vir ons is so groot dat Hy selfs die beproewende omstandighede as tugtigende handeling gebruik sodat dit vir ons ten goede sal kom. So ver gaan die Here in sy genade – die straf word nou omgedraai tot iets positiefs vir my. Ek en jy sal dit nie so beleef nie – maar God weet beter.

Ons tekshoofstuk meld drie goeie vrugte wat God uit Israel se beproewing vir hulle laat voortkom het – nl.
1 – was dit ‘n toets vir hulle geloof – Hy wou hulle getrouheid toets. ‘n Mens ken jouself en jou eie vermoëns nie as jy nie daarin getoets word nie. So doen die Here ook elke dag met ons. Hy toets jou met jou omstandighede. Hoe getrou sal ek bly of sal ek ook gou in ontrou

verval die oomblik as dinge bietjie moeilik gaan? Sal ek volhard of nie? Sal ek midde ŉ wêreld vol leuens aan die waarheid bly vashou?

2. Die Here voed hulle op vir hulle omstandighede – hf. 3: 2 sê dat die Here hierdie aanvalle en oorlogsituasie gebruik het om hulle te leer hoe om oorlog te maak. Hierdie trekvolk – wat van oorlog niks weet nie en wat hulleself skielik in nuwe land tussen vyandige nasies moet laat geld, moet leer om oorlog te maak. Die volke wat hulle vriende geword het, word nou skielik hulle vyand en maak hulle eie mense dood en beroof hulle. Nou leer hulle om hulleself te verdedig en hulle man te staan in 'n wrede en woeste wêreld. So werk God. So gebruik God beproewende omstandighede om ons te leer en in die geloof op te voed.

3. Die derde positiewe doelwit: hulle beproewing het hulle teruggelei na God. Elke keer as hulle in die moeilikheid kom – dan onthou hulle van die Here en roep hulle na Hom om hulp. So lei God hulle terug na Hom. Sy liefde bring ons elke keer terug dit lei ons toe bekering.

En daarom roep die Here ook nou: Jy wat jou hart aan iets of iemand anders gegee het, kom terug na my. Druk jou omstandighede jou? Kyk dieper of God jou dalk nie van verkeerde weë af terugroep nie. Jy wat dalk doelbewuste verkeerde keuse gemaak het, kom terug. Bely voor God en vind my Hom genade.

Want br. en sr. God se liefde oor ons is groot. Israel se omstandighede was straf op hulle sonde. En elke rigter wat God geroep en gebruik het om die volk te red, het heengewys na die ware Rigter – Jesus Christus wat moes kom om ons te red!

Ons omstandighede is slegs beproewing en tugtiging want God het ons ontrou op Christus laat neerkom en Hom gestraf. Sy belofte dat sonde gestraf word – daaraan het God getrou gebly – Hy het dit ongenadig aan Christus gestraf - nou is daar genade vir ons.

Elke keer as ek sondig en elke keer as ek berou daaroor het en my sonde bely – elke keer – is daar vir my genade by God. Elke keer gee Hy my die krag deur die Heilige Gees om weer op te staan en Hom van nuuts af te dien. Die Here is so in beheer van my omstandighede dat dit my nie sal vernietig nie. Dit sal my beproef – maar nooit oorweldig nie – dit is God se belofte. Daarom word ons ook nou in hierdie wêreld as 'Rigters" geroep om mense deur ons getrouheid na God te lei. Anders in die tyd van Rigters leef ons nou in die volheid van die belofte en koms van die Heilige Gees wat in ons werk en ons help en lei om aan God getrou te bly!

Sien jy nou die grootheid van God? Midde die ontrou van mense, staan die trou en liefde die Here onbegryplik vas! Maar hierdie troue God roep jou vanaand – op grond van sy genade - wees getrou aan My soos Ek aan jou getrou is.

Amen.